



RB9.1.10/28-11-2024

**AMENDED LANGUAGE POLICY REPORT TO  
COUNCIL**

**RESOLVED:**

- 1 That Council notes and support the Constitution and laws relating to Language Policy;
- 2 That due to budgetary- and manpower constraints, Council will ensure that all policies are properly done in English;
- 3 That Council will advertise and promulgate all policies in English; and
- 4 That any required translation service should be done in-house.

**Proposed:** Cllr. L Venter

**Seconded:** Cllr. Y Blaauw

**No Counter Proposals:** None

  
\_\_\_\_\_  
**CHAIRPERSON/VOORSITTER**

**28/11/2024**  
**DATE / DATUM**

## **CEDERBERG MUNISIPALITEIT TAALBELEID**

### **AANHEF**

Cederberg Munisipaliteit erken die belangrikheid van taal in die bevordering van kommunikasie, begrip en inklusiwiteit onder ons diverse belanghebbendes. Hierdie Taalbeleid het ten doel om 'n raamwerk vir die gebruik van tale binne ons organisasie daar te stel, wat gelyke toegang tot inligting, dienste en geleenthede vir almal verseker. Ons erken die linguistiese diversiteit van ons gemeenskap en verbind ons tot die bevordering van veeltaligheid, kulturele sensitiwiteit en taalgelykheid.

Hierdie beleid poog om die behoeftes van ons organisasie te balanseer met die taalregte en voorkeure van ons belanghebbendes.

### **DEFINISIES**

### **WETLIKE RAAMWERK**

#### **Om uitvoering te gee aan:**

- Artikels 6 en 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid – Afrika (Wet 10 van 1996);
  - Artikel 5 van die Grondwet van die Wes – Kaap (Wet 1 van 1998);
  - Artikel 1.2 en 21.2 van die Munisipale Stelsels Wet (Wet 32/2000); die Wes – Kaapse Taalwet (Wet 13 van 1998);
  - Die Wet op die Pan Suid – Afrikaanse Taalraad (Wet 59 van 1995);
  - Die Batho Pele beginsel;
  - Enige verwysing na taal of tale, verwys na die amptelike tale van die Wes – Kaap;
  - Wet op die bevordering van toegang tot inligting (2000);
  - Die nasionale taal raamwerk;
  - Implementering van die beleid van veeltaligheid word in die volgende dokumente uiteengesit;
  - Die riglyne vir die taalbeplanning en beleidsontwikkeling (Pan Suid-Afrikaanse Taalraad);
  - Die Wes-Kaapse Taalbeleid (2004)
- Die riglyne vir die implementering van meertaligheid in Plaaslike Regering: 2008-2011 (Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering, 2008)

- Om die Batho Pele – inisiatief van die onpartydige dienslewering te ondersteun deur gelyke toegang tot openbare dienste en programme te verseker deur kommunikasie of taal struikelblokke uit die weg te ruim
- As 'n gemarginaliseerde taal moet Xhosa besondere aandag gegee word om gelyke status met die ander twee amptelike tale te verkry
- Om gebaretaal te bevorder

## **INHOUD**

### **GEBRUIK VAN DIE AMPTELIKE TALE DEUR DIE RAAD EN KOMITEES**

- Die amptelike tale van die Cederberg area is Afrikaans, Xhosa en Engels. Die tale mag in enige debatte en ander verrigtinge van die Cederberg Raad en komitees gebruik word. Die Cederberg Raad sal indien nodig voorsiening maak vir die verskaffing van tolkdienste in die drie amptelike taalgroepe tydens sittings van die Cederberg Raad en enige komitees daarvan.
- Die amptelike vergaderings van die Raad en Agenda asook die Notules van komitees moet in twee van die drie amptelike tale beskikbaar wees soos voorgeskryf deur die raad. Vertaling van enige dele daarvan in enige van die tersaaklike amptelike tale moet binne 'n redelike tydperk na die debat beskikbaar gestel word.
- Die Raad mag praktiese reëlings tref om binne 'n redelike tydperk amptelike verslae en besluite wat in een amptelike taal opgestel is, in die ander twee amptelike tale beskikbaar te stel.
- Tydens vergaderings wat komitee en Raadsvergaderings insluit, mag die Munisipale Bestuurder sover moontlik en wel op aanvraag, voorsiening maak vir tolkdienste soos verlang (in 'n amptelike taal).
- Die Munisipale Bestuurder mag sover as moontlik en wel op aanvraag, voorsiening maak vir tolkdienste soos verlang in die Taal wat nie gedurende Raad en komitees vergaderings gehou word nie.
- Die Munisipale Bestuurder sal indien nodig voorsiening maak vir 'n tolk om gehoor gestremdes se behoeftes aan te spreek.
- Die amptelike rekord van debatte van die raad moet binne 'n redelike tydperk deur die Munisipale Bestuurder beskikbaar gestel word.
- Alle verslae van 'n dokumente en besluite van die raad en sy komitees moet in (die sake taal wat deur die raad besluit word) wees en beskikbaar gestel word in die ander twee amptelike tale

Met eksterne kommunikasie word bedoel mondelinge en skriftelike kommunikasie met die publiek in die Cederberg area. Alle kommunikasie met die publiek sal indien nodig in die twee van die drie amptelike tale van die provinsie of die voorkeurtaal van die teikengehoor geskied. Waar drie amptelike tale gebruik word, is dit belangrik om vas te stel wat die voorkeurtaal van die teikengroep is.

Die taalbeleid ten opsigte van skriftelike en mondelinge kommunikasie is soos volg:

### **Skriftelike Kommunikasie**

Die volgende inligting sal indien nodig gepubliseer word of beskikbaar gestel word in die twee van die drie amptelike tale van die Wes – Kaap, te wete Afrikaans, Xhosa en Engels.

- Alle amptelike verslae en besluite
- Alle amptelike kennisgewings
- Navorsingsverslae of 'n uitvoerende opsomming daarvan
- Alle uitstallings – en bemarkingsmateriaal
- Alle advertensies
- Alle openbare materiaal Aanwysingsborde
- Elektroniese kommunikasie met die breë publiek.
- Individuele navrae behoort beantwoord te word in die taal waarin die betrokke brief of versoek ontvang is.

### **Mondelinge kommunikasie**

- Openbare vergaderings en geleenthede sal indien nodig gehou word in al drie amptelike tale of die voorkeurtaal van die teikengehoor. Amptenare behoort waar nodig die dienste van 'n tolk te bekom.
- Alle veldtogte sal indien nodig in die drie amptelike tale of die voorkeurtaal van die teikengroep gevoer word.
- Die taalvoorkeur van die teikengehoor behoort in ag geneem te word by die aanbieding van opleiding en werksessies asook die keuse van sprekers en fasiliteerders vanuit verskillende taalgroep.

### **Interne kommunikasie**

- Alle vorms en amptelike kommunikasie met personeel sal in die besigheidstaal wees, en vertaal word na Afrikaans of isiXhosa waar nodig of versoek.
- Amptenare behoort ook aangemoedig te word tot 'n taal etiket, dit wil sê om sprekers te akkommodeer wat 'n bepaalde taal nie kan verstaan nie.

- Opnames oor die taalbehoefte en – voorkeure van personeellede en kliënte moet van tyd tot tyd gemaak word om die taalpraktyk in elke departement te bepaal en hersien.
- Departemente moet ook gereeld interne vaardigheid opnames doen om uit te vind watter taalbehoefte daar by die personeel bestaan en oor watter taalvermoëns hulle beskik. Dit dien as grondslag vir die ontwikkeling van metodes om taalvaardigheid op plaaslike regerings vlak te verbeter.

### **GEDRAGSKODE**

- 'n Gedragskode oor die taalgebruik en veeltaligheid moet ontwikkel word deur 'n forum uit alle departemente en elke amptenaar moet daarby hou.
- Elke departement moet in samewerking met die sentrale taaleenheid die taalbeleid toepas volgens sy unieke omstandighede.
- Departemente moet deurlopend seker maak dat personeellede en kliënte bewus word van die waarde van veeltaligheid as 'n instrument vir die bou van samehorigheid, die bevordering van ekonomiese ontwikkeling en die konsolidering van demokratiese regering deur respek vir taal – en kulturele diversiteit.
- By die werwing en keuringsproses ter vulling van vakatures behoort daar kennis geneem word ten opsigte van die munisipaliteit se taalbeleid vir enige aanstelling wat gemaak gaan word.

### **VERTALING EN TOLKING**

- Die Munisipaliteit moet vertaal – en tolkdienste beskikbaar stel wanneer nodig, bv. by openbare geleenthede en interne vergaderings.
- Alle dokumente vir vertaling en of redigering moet intern vertaal word of ekstern indien nodig.

### **GELDSAKE**

- Die raad moet die nodige fondse bewillig vir die fasilitering van taalbeplanning en – opleiding, taalbeleid ontwikkeling en – implimentering, taal hulpbronne en taal oudits ten einde die verpligtinge hierbo uiteengesit na te kom.

### **Implementering en Monitering van Taalbeleid:**

### **Implementering:**

- Ontwikkel taal opleidingsprogramme
- Vertaal sleutel dokumente en -materiaal
- Vestig tolk-/vertaaldienste
- Wys taal koördineerders aan
- Kommunikeer beleid aan belanghebbendes

### **Monitering:**

- Gereelde taaloudit
- Belanghebbende terugvoer meganismes
- Taalbevoegdheidsassesserings
- Beleid hersiening en opdatering
- Rapportering van nie-nakomings voorvalle

### **Verantwoordelikhede:**

- Taalkomitee: toesig en leiding
- Bestuur: verseker beleidsimplementering
- Werknemers: voldoen aan beleidsbepaling
- Taal koördineerders: ondersteuning en monitering

## **BELEIDS HERSIENING**

Die taal beleid sal elke 5 jaar hersien word

## **SLOTSOM**

Terwyl die aanvanklike fase van die implimentering van die taalbeleid verskeie struikelblokke en prestasies gaan behels, sal dit aan die Munisipaliteit die waarde toon van 'n beleid van veeltaligheid deur middel van verbeterde dienslewering en 'n tevrede gemeenskap in ooreenstemming met die beginsels van Batho Pele.

## **INWERKINGSTREDE VAN DIE BELEID**

**Datum:** .....